

## Van A tot Z

Teks & musiek: Koen Hartman

© Koen Hartman

Afrikaanse vertaling: Marcel & Lydia Zimmer en Faani Engelbrecht

A vir Almagtig,  
B vir Bevryder,  
C is vir Christus,  
Gesalfde van God.  
D is vir Dienaar,  
E is vir ewig,  
F vir Fantasties  
So skep Hy dit als.

G vir Gekruisig,  
H is vir Hoeksteen,  
I vir Immanuel,  
God is met ons.  
J is vir Jesus,  
K is vir Koning,  
L vir Sy liefde  
wat Hy aan ons gee.

*Van A tot Z  
is U die hoogste Heer,  
Alfa, Omega  
en soveel meer.  
Oneindig groot is ook  
U heerskappy.  
U is dit alles vir my.*

M vir Messias,  
N is vir nederig,  
O is vir Opstanding ,  
P vir Profeet.  
Q vir IQ  
ja, ons God is die slimste.  
R is vir Rots,  
en S is vir Skild.

*Van A tot Z ...*

Na na naaa ...

T is vir toevlug  
'n veilige hawe  
U vir uniek  
Verlosser is V  
W is die Weg  
X vir X-tra besonders  
Y vir yslik groot  
Z U het die laaste woord.